# Psalm 11 – Ek skuil by Jahweh in my onweersdae

*(Melodie: Hoe groot is U)*

**(E) A D A E A E**
**1. Ek skuil by Jahweh in my onweersdae. Hoe sê jul dan in kleingeloof vir my:**

**A D A E A**
**"Vlug soos 'n duif met snelle vleuelslae na die gebergt', van vrees en vyand vry!"**

**E A D A E A E**
***Refrein:*** ***Ek skuil by Hom! Jahweh is groot en goed! Ek prys Sy Naam, Hallelujah!***

**A D A E A**
***Ek skuil by Hom! Jahweh is groot en goed! Ek prys Sy Naam, Hallelujah!***

**(E) A D A E A E**
**2. Hul span die boog; die pyle~is op die snare, om die opregte heimlik om te bring.**

**A D A E A**
**Wat kan hy doen as die geweldenare, die reg verbreek en uit die land verdring?**

**(E) A D A E A E**
**3. Daar is 'n God, Jahweh, wat hoog verhewe uit Sy paleis – so heilig en so skoon -**

**A D A E A**
**die oog het op wie laag op aarde lewe; Sy oordeel fel Hy van Sy hoë troon.**

**(E) A D A E A E**
**4. Jahweh toets almal wat regverdig lewe, maar haat hom wat vir geen gewelddaad vrees;**

**A D A E A**
**hy word aan strikke~en vuurgloed oorgegewe, 'n gloeiwind sal sy straf vir onreg wees.**

**(E) A D A E A E**
**5. Jahweh is reg, regverdig is Sy handel. Hy min die reg en bly daaraan getrou.**

**A D A E A**
**Opregtes vind die uitkoms van hul wandel: Hul sal die aangesig van God aanskou.**